


'n Versameling wat in verskeie opsigte uniek is in Suid-Afrika. Die meeste van hierdie viole is reeds 150 tot 200 jaar oud en verteenwoordig die werk van tydgenote en leerlinge van Stradivarius en ander beroemde meesters. Die viool wat mnr. Van de Geest (regs) in die hand hou, kos seshonderd pond en is omstreeks 1700 deur Alexandro Gagliano gemaak.

# HY MAAK VIOLE MET 'N SIEL

deur M. M. SADIE

**Het u geweet dat die eeue-oue kuns van vioolmakery soos in die dae van die groot meesters vandag nog as beroep in Suid-Afrika beoefen word — in die hartjie van Johannesburg! En het u geweet dat enigiets van veertig tot sewentig jaar nodig is om 'n viool van hoogstaande gehalte te maak; dat hierdie klein musiekinstrument uit minstens 58 verskillende dele bestaan; dat die snare nie van katderm nie, maar van skaapderm gemaak word; dat die viool letterlik 'n siel het en dat die hare van die strykstok van 'n seldsame perdesoort in Siberië afkomstig is? In hierdie artikel word een en ander vertel oor die lewe en werk van die „wonderlike Hollander", wat reeds in Europa bekendheid verwerf het en vandag, sover bekend, die enigste beroepsvioolmaker in Suid-Afrika is.**

IN 'n klein kamertjie op die sewende verdieping van 'n moderne wolkekrabber in die hartjie van Johannesburg word 'n kuns beoefen wat sedert die dae van Stradivarius en sy beroemde tydgenote onveranderd gebly het. Dit is hier waar die enigste beroepsvioolmaker in Suid-Afrika besig is om sy meesterstuk te voltooi — 'n viool wat Suid-Afrika aanstaande Junie op die wêreldtentoonstelling van vioolmakers in Den Haag sal verteenwoordig.

Hierdie man is mnr. J. J. van de Geest, wat reeds in Europa en Engeland bekendheid verwerf het as die „wonderlike Hollander". Aan musiekliefhebbers in Suid-Afrika is hy bekend as vioolhandelaar en as versamelaar van ou meesterstukke wat meer as twee eeue gelede deur tydgenote en leerlinge van Stradivarius gemaak is.

Maar slegs enkeles onder diegene wat jaarliks sy moderne vertoonkamer op die sewende verdieping van die wolkekrabber in Johannesburg besoek, weet dat in 'n klein werkkamertjie langsaan viole vandag nog uitsluitend met die hand gesny word, uit hout wat reeds 'n halwe eeu gelede in die woude van Hongarye gekap is.

EK het hom in sy werkkamer aangetref, besig aan 'n viool wat in Junie saam met die werk van die grootste moderne meesters op die Hendrick Jacobs-tentoonstelling in Den Haag, Holland, uitgestal sal word. Die hout waaruit hierdie meesterstuk gesny word, het hy in 1938 saam met hom uit Europa gebring en is byna dertig jaar in sy besit. Toe hy dit gekoop het, was dit reeds twintig jaar oud.

Onderwyl hy besig was om met klein skafies — sommige minder as 'n halfduim lank — aan die halfvoltooide instrument te werk, het hy op my versoek begin verduidelik hoe 'n goeie viool gemaak word.

Hout van hoë gehalte is vandag besonder skaars en duur. 'n Klein stukkie, so groot soos 'n mens se voorarm, waarvan net die nek en kopstuk gemaak word, kos alleen enigiets van vyf tot tien pond, terwyl hout wat vir sommige ander dele van die viool gebruik word, nog duurder is. 'n Goeie viool wat met die hand gemaak is, kos gevolglik maklik honderd-en-vyftig tot tweehonderd pond. Hierdie prys is nogtans betreklik laag indien in aanmerking geneem word dat die werklike vervaardiging van die viool — selfs nadat die hout reeds 'n halfeeu lank 'n verouderingsproses moes ondergaan — nog minstens drie tot ses maande duur.

'N GOEIE viool bestaan uit minstens 58 verskillende dele wat elkeen afsonderlik met die hand gesny word. Drie soorte hout word gebruik, waarvan 'n spesiale soort silwerden die belangrikste is, aangesien dit in 'n groot mate verantwoordelik is vir die akoestiese eienskappe van die instrument.

*(Vervolg op bladsy 67)*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# HY MAAK VIOLE MET 'N SIEL

(*Vervolg van bladsy* 33)

Hierdie houtsoort word slegs in Hongarye en 'n paar ander Europese lande aangetref en slegs bome wat op baie skraal grond bo 'n hoogte van 1500 meter teen die berge groei, word gebruik. Die groei van die boom en die vorming van jaarringe het 'n belangrike invloed op die akoestiese eienskappe. Hoe kleiner die jaarringe hoe beter is die kwaliteit van die hout.

Hierdie hout word gebruik vir die boonste gedeelte van die resonansiekas en verskeie ander kleiner dele wat 'n invloed het op die klankkwaliteit. Een van hierdie onderdele is 'n klein ronde balkie, skaars twee duim lank en dunner as 'n potlood, wat soos 'n stut aangebring is in die ruimte tussen die bo- en rugkant van die kas. Die Franse noem dit die „siel" van die viool, omdat dit 'n groter invloed het op die klankkwaliteit van die instrument as enige ander enkele deel. Neem hierdie stukkie hout weg, en selfs die beste viool verloor sy „persoonlikheid".

ESDORINGHOUT van 'n taamlike seldsame variëteit wat hoofsaaklik in Turkye aangetref word, word gebruik vir die rug- en sykante van die kas, asook vir die nek en kopstuk. Terwyl laasgenoemde geen invloed op die klank van die viool het nie, is die regte kombinasie van die twee houtsoorte wat vir die resonansiekas gebruik word, van die allergrootste belang. Esdoring is, sover bekend, die enigste houtsoort wat feitlik met die silwerden 'n volmaakte akoestiese kombinasie vorm.

'n Ander belangrike deel van die viool wat ook van hierdie houtsoort gemaak word, is die klein bruggie waaroor die snare span. Die wyse waarop hierdie brug aan die kas vasgesit word, het ook 'n belangrike invloed op die klank. Die sleutels, die toetspaneel waar die snare met die vingers gedruk word, asook verskeie ander gedeeltes wat geen invloed op die klank het nie, word almal van donker ebbehout gemaak.


Baie mense dink selfs vandag nog dat die snare van die viool die kat se skuld is — veral mense wat die slagoffers is van die heldhaftige pogings van sommige beginners. Die snare word egter van skaapderm gemaak en hoe jonger die skaap is, hoe beter is die gehalte van die snaar.

DIE boog van die strykstok word van 'n Brasiliaanse hout, bekend as pernambuco, gemaak en die slof (frog) van ebbehout, met silwer of goud en perlemoer gemonteer. Die hare wat gebruik word, is vandag feitlik onverkrygbaar en is afkomstig van 'n seldsame wit perderas wat in Siberië aangetref word. Slegs die sterthare van hingste word gebruik. Dikwels — veral in fabrieke waar goedkoop viole op groot skaal vervaardig word — word gebleikte sterthare van gewone perderasse ook gebruik, maar dit is van minderwaardige gehalte en benadeel die klank van die instrument aansienlik.

Die hare aan die strykstok van die beroepsviolis moet minstens elke ses weke vervang word. By violiste van 'n sekere kaliber — soos die lui student — word dit minstens twee jaar gebruik, verklaar mnr. Van de Geest.

(*Vervolg op bladsy* 68)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012



● 'n Toekomstige vioolkunstenaar koop sy eerste groot viool.

## HY MAAK VIOLE MET 'N SIEL

(*Vervolg van bladsy* 67)

EERSDAAGS sal die „wonderlike Hollander" 'n burger van die Unie wees. In sy loopbaan as vioolmaker, wat in sy veertiende jaar begin het, het hy viole gemaak en herstel vir baie van die grootste moderne vioolkunstenaars, en in Suid-Afrika word verskeie van sy instrumente reeds deur bekende violiste gebruik. Wanneer hy eendag die tuig neerlê as die eerste beroepsvioolmaker in Suid-Afrika sal sy seun, mnr. J. J. van de Geest, jr., hom opvolg. Laasgenoemde is tans in vennootskap met sy vader, nadat hy verlede jaar teruggekeer het uit Europa, waar hy etlike jare lank onder leiding van bekende vioolmakers in Switserland, Holland en Engeland gestudeer het.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012